

## 2. Galasiërs 1:11-24

### **VERWELKOMING:**

**5 MIN**

### **YSBREKER:**

**20 MIN**

- Wat is die grootste verandering wat in jou lewe plaasgevind het?
- Het jy al impulsiewe besluite geneem? Vertel van die grootstes.
- As jy 'n belangrike besluit moet maak, hoe gaan jy te werk?

### **AANBIDDING:**

**5 MIN**

Laat iemand Psalm 139:1-18 vir julle voorlees as julle gebed:

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. <sup>2</sup> Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. <sup>3</sup> Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. <sup>4</sup> Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. <sup>5</sup> U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. <sup>6</sup> Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip. <sup>7</sup> Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? <sup>8</sup> Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. <sup>9</sup> Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, <sup>10</sup> ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas. <sup>11</sup> Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander, <sup>12</sup> maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig. <sup>13</sup> U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. <sup>14</sup> Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: <sup>15</sup> geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. <sup>16</sup> U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. <sup>17</sup> Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle alma! <sup>18</sup> As ek hulle sou wou opnoem-hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.

### **BYBELSTUDIE:**

**40 MIN**

Lees Galasiërs 1:11-24. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- In die voorafgaande gedeelte 'raas' Paulus met die Galasiërs. Nou noem hy hulle broers (vers 11). Hoe werk dit? (Vgl. ook Spreuke 27:6)
- Wat beteken dit vir ons geloof dat die evangelie nie deur 'n mens uitgedink is nie (vers 11)? Wat beteken dit vir ons verstaan van die evangelie?
- Paulus het die mees anti-Christen verlede denkbaar (vers 13) en tog word hy deur God geroep en gebruik. Watter invloed het die 'slegte' en 'verkeerde' in jou verlede nog op jou uitleef van jou geloof?
- Wanneer Paulus geroep word, begin hy nie dadelik werk nie (vers 16 en 17). Hy praat nie eers met mense daarvoor of gaan sien die leiers nie! Inteendeel, hy gaan ver weg van gelowiges. Waarom? En wat kan ons hieruit leer?

- Paulus, die groot vervolger van die kerk, verdwyn vir drie jaar en daag dan skielik in Jerusalem op om met Petrus te praat (vers 18). Wat sou jou reaksie wees indien jy Petrus was? Hoekom is dit vir ons so moeilik om verby mense se verlede te kyk en hulle te aanvaar?
- Paulus se lewensverandering word 'n getuigenis wat God verheerlik (vers 23 en 24). Watter een voorbeeld in jou eie lewe sal jy noem as jy in belang van die evangelie moes getuig hoe dit jou verander het?

**DIENSWERK:**

**5 MIN**

Bespreek julle kleingroep se dienswerkprojek.

**GEBEDSRIGLYN:**

**10 MIN**

In die bespreking het ons gehoor van die wonderlike veranderinge wat die Here in ons lewens gebring het. Gee nou vir elkeen in die groep geleentheid om vir die Here dankie te sê daarvoor.

**ADMINISTRASIE:**

**5 MIN**